

## Navorsing help oortuigende beeld van tydperk skep

PIETERNELLA VAN DIE KAAP, deur Dalene Matthee. Tafelberg, Kaapstad, 2000.

In onderhoude rondom dié lywige historiese roman beskryf Matthee haarself as iemand wat, as sy eers die boustene (geskiedkundige feite) het, goed kan pleister. Eerder wil 'n mens haar messelaar van formaat noem wat hierdie boustene nie toepleister nie, maar met respek hanteer sodat ook daardie teksture tot hul reg kom in 'n veelfasettige boek wat enduit boei.

Hoewel in die eerste plek die verhaal van Pieternella, dogter van die Hottentottin Eva en die Deense sjirurgyn Pieter van Meerhoff, poshouer op Robbeneiland, is dit ook die verhaal van die jong Eva wat as tussenganger opgetree het tussen onder andere Jan van Riebeeck en haar bloedmense.

Pieternella, wat sedert haar kleuterdae heen en weer geslinger is tussen haar alkoholis-ma en kerkaangestelde versorgers, word as veertienjarige weeskind saam met haar jonger broertjie onder die sorg van die vryburger Bart Borms en sy vrou Theuntjie uit die Kaapse omgewing na Mauritius gestuur, 'n eiland wat grootliks die plek was waarheen oortreders en lasposte gestuur is om tot voordeel van die VOC ingespan te word.

Die bykans twee maande lange skeepsreis, 'n erge ontbering, is ook 'n reis deur die verlede, die storie van 'n ander eiland. Deur die oë van Pieternella word Eva mens, skep Matthee deernis en begrip vir dié "vrou met twee koppe", 'n tragiese figuur wat deur omstandighede gedwing is om in twee wêrelde te leef, wêrelde wat in wese onversoenbaar was.

Die "houtgans" wat Pieternella wegvoer van die bekende, gee haar ook vlerke, 'n geleentheid om haar "eie leef te leef", al word die naelstring met Eva nooit geknip nie. Kort na haar aankoms op Mauritius trou Pieternella met Daniel Zaaijman, 'n gekontrakteerde vryburger twaalf jaar ouer as sy. Sy groei oor dekades vas aan dié eiland waar sy nie wou wees nie, net om weer ontwortel te word wanneer die VOC besluit om die mislukte verversingspos te sluit.

Mauritius word in al sy mooiheid en onherbergsaamheid geteken en die leser ervaar die atmosfeer tree vir tree saam met Pieternella. Simboliek speel deurgaans 'n subtiële rol – skulpe, voëls, kleure. Wanneer Pieternella die skeepsreis aanpak, is sy dooie Robbeneilandskulp. Op Mauritius word sy skulpdier, tegelyk sag en sterk. Sy kies groen vir haar trourok, die kleur van lewe en ook van die Keltiese eiland van die geseëndes. Die slavin Maria, daarenteen, dra net swart, die nie-kleur sonder lewe. Daar is ook die "houtgans(e)" wat vir Eva en haar mense min goeds gebring het, maar vir Pieternella na vryheid voer; die talle veelkleurige voëls wat, soos sy, hulle nie laat vaskeer nie en die "domgatte", slagoffers omdat hulle, soos Eva, is wat hulle is. Die geskiedenis is die boustene, maar dis die mense wat die verhaal laat leef, elkeen met sy sterk punte en swakhede, sy streep selfsug, sy mooi en sy minder mooi eienskappe, deurgaans met deernis en humor verwoord. Dikwels is dit juis die humor wat karakters sterk omlin of 'n diep seer onderstreep, soos Pieternella en Salomon se pyn oor hulle "halfslagmense" is. Hulle is haar wit kinders, sê Eva, hulle het net Hottentotvoete, want "Die kooi was kort, my voete het aan die grond geraak" (bl. 200).

Die behoud van menswaardigheid in 'n bestel waarin mense amptenare, vryburgers, slawe weinig meer was as gebruiksgoedere in diens van die VOC, was 'n stryd op sigself. Dit is nie verbasend dat talle, soos die opperhoof Lamotius, die kluts kwyd geraak het nie, eerder verstommend dat mense soos Pieternella en Daniel hulle nie op hul knieë laat dwing het nie, nie deur slae wat deur die natuur uitgedeel is nie en nie deur politiekery of die grille en giere van die "Here Meesters" nie.

Deeglike navorsing en gevolglike vertrouwdheid met die omgewing en die politieke, ekonomiese en sosiale struktuur waarbinne die verhaal hom afspeel, skep vir die leser 'n belewenisbeeld van 'n tydperk wat strek oor die laaste helfte van die sewentiende eeu tot knap in die agtiende eeu. Onhaalbare eise van die kant van die VOC, hebsug, korrupsie, uitbuiting, onmenslike strawwe, dubbele standaarde alles word vaardig vervleg in 'n ryk geskakeerde verhaal.

Boonop verkneukel die leser hom in Matthee se besonderse manier van sê, die ritme van die vertelling, haar vermoë om met 'n enkele woord of sinsnede boekdele oor te dra en nooit in die slagat van sentimentaliteit of melodrama te trap nie.

Dit is jammer van 'n paar proefleesjakkalsies soos “ruê” of letters wat weggeval het of omgeruil is. 'n Mens wonder ook waarom Pieterella by 'n luik in en uit die pottebakkershuisie geklouter het as die voordeur in elk geval stukkend was (bl. 14) en of Matthee werklik bedoel het om die matroos te laat sê die “ywerige dra hom dood, die luie loop hom dood” (bl. 108) sekerlik behoort dit andersom te wees?

Die kort naskrif oor die Zaaijms is 'n bonus. Maar 'n leemte is die gebrek aan datums om die roman stewig binne die tydvak te knoop. Dit word aan die leser oorgelaat om na te slaan en sommetjies te doen 'n krapperige lastigheid. 'n Kort verklarende datumlysie agterin (dis tog bekend wanneer byvoorbeeld die verskillende goewerneurs en opperhoofde hul poste beklee het, seker ook wanneer die skepe na en van Mauritius gevaar het) sal 'n gawe toevoeging tot 'n herdruk wees.

Mariette van Manen is 'n vryskutjoernalis.

BRON: Die Burger, 24 Mei 2000